**Natal**

| | |
|---|---|
| *Vraag*: Vraag: Die poskantoor in Weststraat, Durban is in 1885 as ’n stadsaal gebou. Dit was as ’n stadsaal gebruik tot 1910 toe dit ’n poskantoor geword het. Watter belangrike konferensie is in 1908 daar gehou? | *Antwoord*: Konferensie wat daartoe gelei het dat die vier provinsies van Suid-Afrika die Unie van Suid-Afrika geword het. |
| *Vraag*: Deur watter dorpie vloei die rivier genaamd “Bilanhlolo” of bynaam Big Billy? | *Antwoord*: Ramsgate. |
| *Vraag*: As wat staan die Makhosinivallei ook bekend? | *Antwoord*: Vallei van Konings. |
| *Vraag*: Twee “horlosies” is voor die Ou Huismuseum in St Andrewsstraat, Durban. Wat maak hulle so interessant? | *Antwoord*: Die een is ’n Franse horlosie wat tyd, datum, dag, fase van die maan, dag en nag ewening en barometer druk aantoon. Die ander een is ’n Europese Sonhorlosie. Nutteloos in die Suidelike halfrond. |
| *Vraag*: Wat is die naam van die eiland in die Durbanse hawe? | *Antwoord*: Salisbury eiland. |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: In watter dorp in Natal is generaal Louis Botha gebore? | *Antwoord*: Greytown. |
| *Vraag*: Waar in Natal vind mens die Nieuwe Republiek Bakens? | *Antwoord*: Vryheid. |
| *Vraag*: Waaraan word Ifafi strand se naam ontleen? | *Antwoord*: Die water sprankel of vonkelwater. |
| *Vraag*: Waar is Piet Retief begrawe? | *Antwoord*: Babanango. |
| *Vraag*: Ramsgate, aan die suidkus van Natal, het ook ’n ander naam – nie Big Billy nie. Wat is die naam? | *Antwoord*: Blue Lagoon. |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: Watter dorp in Natal het ontstaan as gevolg van die ontdekking van oppervlak steenkool? | *Antwoord*: Dundee. |
| *Vraag*: Wat was die eerste naam van die hawestad in Natal wat afgelei is van Krismisrivier? | *Antwoord*: Rio de Natal. Later Durban. |
| *Vraag*: Waarvoor is die Mgenirivier bekend? Dit is ook ’n toeriste aantreklikheid. Soms genoem “The Tall One”. | *Antwoord*: Howickwaterval. |
| *Vraag*: Wat is die naam van die dorp langs die Kliprivier wat gedurende die Anglo Boere Ooorlog vir 120 dae deur die Boere beleër was? | *Antwoord*: Ladysmith. |
| *Vraag*: Durban se stadsaal is ’n replika van ’n stadsaal in ’n Noord Ierlandse stad. Watter stad is dit? | *Antwoord*: Belfast |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: Umkomaas is afgelei van ’n Zoeloenaam met ’n besondere verwysing na die kus van Natal. Wat is die verwysing? | *Antwoord*: Dit verwys na “Plek van Walviskoeie”. Umkomaas was oorspronklik ’n hawe vir die uitvoer van suiker. Die Suidkusspoorlyn het die hawe oorbodig gemaak. |
| *Vraag*: Naby Umzinto is ’n dorp waarvan die naam afgelei is van die geluid wat iemand maak as hy deur modder loop/sukkel. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Ixopo. |
| *Vraag*: In hierdie rivier, word beweer, is meerminne wat op maanligaande in die water speel. Daar word geglo dat die een wat die rivier aandurf voordat hy sy sondes bely het, deur die water weggevoer sal word. Die Zoeloe naam beteken “Oester wat monde vol vat”. Wat is die naam van die rivier? | *Antwoord*: Mtamvuna. |
| *Vraag*: Hoe het Charlestown ontstaan? | *Antwoord*: Die spoorlyn teen Laingsnek het baie heen en weer geloop, het trustoot stasies en ’n tonnel gehad. Om verversings vir die treinpersoneel en passasiers te bied is, ’n plek bo-op die pas aan Natal se kant begin en vernoem na sir Charles Mitchell, goewerneur van Natal. |
| *Vraag*: Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is ’n sanatorium vir mynwerkers deur ’n Randse mynmagnaat, ene Walter Karri Davis, daar gebou. Die sanatorium het afgebrand, maar ’n vakansieoord is toe daar ontwikkel. Wat is die naam van die vakansieoord vandag? | *Antwoord*: Karridene. |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: Wat is die naam van die vier kilometer lange rif in Durban wat van die hawe deur die middestad en langs die strandfront loop? | *Antwoord*: Berea. |
| *Vraag*: Wat is die naam van die rif wat vier kilometer lank en negentig meter hoog is en die suidelike landelike deel van Durban hawe vorm? | *Antwoord*: Die Bluff. |
| *Vraag*: Die noordelike arm van Durban se hawe is oorspronklik vernoem na H Francis Fynn. Die huidige naam is meer beskrywend. Wat is die naam? | *Antwoord*: Die Punt. |
| *Vraag*: Behalwe Tafelberg by Kaapstad is daar ook ’n Tafelberg in Natal by die westelike einde van watter vallei? | *Antwoord*: Vallei van Duisend Heuwels. |
| *Vraag*: Kingsburgh is die gekombineerde naam van ’n paar vakansieoorde en woongebiede. Na wie is dit vernoem? | *Antwoord*: Dick King. |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: Wat is voor die Ou Huismuseum in Durban opgerig wat nutteloos is omdat dit vir die Noordelike Halfrond ontwerp is? | *Antwoord*: ’n Sonhorlosie. |
| *Vraag*: Wat is die naam van die kop waarna die Zoeloes verwys het as die rots met twee gate? Daar is vandag ’n dorp met dieselfde naam. | *Antwoord*: Kranskop. |
| *Vraag*: Wat is die naam van ’n gewilde vakansieoord aan die Natalse Suidkus wat vernoem is na ’n Engelse kusdorp? | *Antwoord*: Margate. |
| *Vraag*: In watter natuurreservaat in Natal word die bekende Hangrots gevind? | *Antwoord*: Oribi Gorge Natuurreservaat. |
| *Vraag*: Watter dorp in Griekwaland-Oos (Natal) was veral as die bymekaarkom plek van smokkelaars, seerowers, drosters, perdediewe en ’n dronk magistraat bekend? | *Antwoord*: Matatiele. |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: Watter rivier in Natal het Tjaka die naam gegee wat “Soet water” beteken? | *Antwoord*: Amanzimtoti. Kanti Amanza Mtoti. |
| *Vraag*: Die Anglo Boere Ooorlog het hierdie dorp op die walle van die Kliprivier bekend gemaak omdat die Engelse soldate vir 120 dae daar vasgekeer was. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Ladysmith. |
| *Vraag*: Hoe het dit gebeur dat Peter Smith Dundee aangelê het? | *Antwoord*: Steenkool is daar ontdek. Hy het die dorp aangelê om die verskillende myne te bedien. |
| *Vraag*: Hoe het Winkelspruit aan sy naam gekom? | *Antwoord*: Die skip Tonga het op 10 Mei 1875 met ’n vrag kruideniersware aan boord, gestrand. Die ware is “gered” en op die strand verkoop. Die plek is toe Winkelspruit genoem. |
| *Vraag*: Wat was die eerste naam wat blankes aan die Drakensberge gegee het? Daar was geglo dat monsters in die spelonke bly. | *Antwoord*: Die Hoogtes. Zoeloe naam, Ondini |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: In 1838 is die dorp aangelê ter gedagtenis aan die Voortrekkers wat deur die Zoeloes vermoor is? (Tuiste van luislange spoorlyn?) Wat is die naam? | *Antwoord*: Weenen. |
| *Vraag*: In hierdie stad vind mens die Voortrekkerkerk en die rooibaksteen stadsaal wat na ’n brand in 1895 in 1901 herbou is. Wat is die stad se naam? | *Antwoord*: Pietermaritzburg. |
| *Vraag*: Die Nuwe Republiek van Natalia het ’n interessante geskiedenis, veral met die opmeet van plase. Wat is die dorp se naam vandag? | *Antwoord*: Vryheid. (Zibebu Dinizulu) |
| *Vraag*: Tussen water twee dorpe is die Strelitzakus? ’n Wilde piesangboombos. | *Antwoord*: Umkomaas en Scottburgh. |
| *Vraag*: Wat is die naam van die lagune waar die Mgenirivier in die see mond? | *Antwoord*: Blue Lagoon. |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: In 1847 is Fort Dunford gebou as beskerming by die brug oor die Boesmansrivier. Winkeliers, grofsmede, herbergiers en ander is daarheen en 'n dorp het so ontstaan. Dit is vernoem na 'n parlementslid wat immigrasie na Natal aangemoedig het. Wat is die dorp se naam vandag? | *Antwoord*: Estcourt |
| *Vraag*: Behalwe dat dit 'n woonbuurt is, wat is die Bluff in Durban? | *Antwoord*: 'n 90 meter hoë rif/sandduin wat die hawe teen die suid-ooste wind beskerm. |
| *Vraag*: 'n Rif vorm die Durban hawe se noordelike arm en is vernoem na die leier van die eerste handelaars wat hulle in Durban gevestig het. As wat is dit vandag bekend? | *Antwoord*: Die Punt (Point Fynn.) |
| *Vraag*: Die pad van die noorde na die Natalse kus het net bokant hierdie 90 meter hoë waterval deur die Mgeni-rivier gegaan. Die eerste inwoner van die dorp was die hotelier wat 'n pontdiens oor die rivier bedryf het. Sy seun en baie mense en waens is oor 'n tyd deur die water meegesleur en het in die valle afgestort. Wat is die naam van die dorp? | *Antwoord*: Howick. |
| *Vraag*: By Mount aux Sources vorm die bergkrans 'n groot kurwe waarin die Tugelarivier 2 000 meter val – 'n klomp kleiner watervalle. Wat is die naam wat aan die massiewe rotsformasie gegee is? | *Antwoord*: Amfiteater |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: Margate was tot 1922 onbekend toe die naam hoofberigte in nuusblaaie gehaal het. Wat het daar gebeur? | *Antwoord*: Die Margate monster, ’n baie groot onbekende seedier het op die strand uitgespoel. |
| *Vraag*: Die dorp se steenkoolmyn is gesluit. Die dorp lê onder die bergpieke bekend as Xalanga – plek van aasvoëls. Die dorp se naam in Xhosa beteken Blou Kraanvoël – Suid-Afrika se voëlembleem. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Indwe. |
| *Vraag*: Die bekende Hangrots is, onder andere, in die natuurreservaat. Wat is die reservaat se naam? | *Antwoord*: Oribi Gorge Natuurreservaat. |
| *Vraag*: Die dorp se naam was eers Beaulieu maar is verander as gevolg van die moeilike uitspraak. Die Mkomazivalei met die bekende naam Hela-Hela en ’n sandsteen bergkrans is daar naby. Dit is geleë in die bolope van die Illovorivier en ’n swartbessiekonfyt is vandaar afkomstig. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Richmond. |
| *Vraag*: Sjaka het van die rivier se water gedrink en vryvertaal gesê “So die water is soet”. Die rivier word toe bekend onder die Zoeloenaam vir Soetwater. Vandag het ’n dorp aan die Suidkuis die Zoeloenaam. Wat is die naam? | *Antwoord*: Amanzimtoti. |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: Die dorp is die westelike einde van die spoorlyn vanaf Durban van waar ’n smal spoorlyn na Harding gaan. In 1882 het 24 Noorweërs daar aanwal gegaan en hulle as boere gevestig. Hout, suiker en kalk was daar ontgin. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Port Shepstone. |
| *Vraag*: Binne in die Durban se hawe is daar ’n eiland wat as ’n militêre basis gebruik word. Wat is die eiland se naam? | *Antwoord*: Salisbury eiland. |
| *Vraag*: Twee Franse Protestante sendelinge het die berge in Lesotho verken en op die plato afgekom wat toe bekend was as Phofung – plek van elande. Hulle merk toe die plek is die oorsprong van baie strome/riviere en herdoop die plek. Wat is die naam vandag? | *Antwoord*: Mount aux Sources. |
| *Vraag*: Voor die Eerste Wêreldoorlog was daar ’n walvisstasie waarvan die kaai vandag gebruik word vir vissersbote. Die oord/plek is vernoem na Mevrou Hoffman, een van die grondeienaars en ontwikkelaars. Wat is die plek se naam? | *Antwoord*: Park Rynie. (Renetta) |
| *Vraag*: Die duiwel word ook vernoem in die Amfitiater in Mount Aux Sources in die Drakensberg. Wat is dit en wat is die naam? | *Antwoord*: ’n Rotspunt met naam Duiwel se tand. |

| | |
|---|---|
| *Vraag*: Hierdie dorp is vernoem na president Paul Kruger en kommandant-generaal Joubert. Die berg, Dumbe, met aan sy voet die Lurula Natal Spa – 'n warmwaterbron, is naby die dorp. Wat is die naam van die Natalse dorp? | *Antwoord*: Paul Pietersburg. |
| *Vraag*: Harrismith het 'n paar interessanthede. Die dorp lê aan die voet van 'n berg waar 'n blokhuis deur die Engelse gebou is. Pakdiere het 'n pad uitgetrap waarlangs die bekende bergmarathon vandag plaasvind. Wat is die naam van die berg? | *Antwoord*: Platberg |
| *Vraag*: In die Ouhuis museum in Durban is daar 'n interessante instrument wat in Frankryk gemaak is wat die barometerdruk, fase van die maan, dag, datum en tyd aantoon deur middel van 'n klomp skywe op 'n wyserplaat. Wat is dit? | *Antwoord*: 'n Horlosie. |
| *Vraag*: Wat is die naam van die lagune wat in 'n rowwe H-vorm is? Baie bekend in die noorde van KwaZulu-Natal. | *Antwoord*: St Lucia. |
| *Vraag*: Tradisie wil dit hê dat 'n mensvreter krokodil by die oord gebly het. Tsjaka het daarvan gehoor en gesê hy wil die krokodil se vel hê. Die legende leef in die naam wat beteken: Die een wat mense uitruik. Wat is die Zoeloe naam? | *Antwoord*: Sezela. |